

22 Oktober

Jesaja 55:10-11

Die Here se Woord bring lewe en verandering

Die Here beskryf die werking van sy Woord met die beeld van reën en sneeu wat uit die hemel kom. Dit maak 'n dorre aarde nat sodat die plante kan lewe en groei en vrugte dra. Reën en sneeu verander ook 'n hele landskap. As jy 'n rukkie na die reën die veld bekyk, dan is dit nie meer vaal en swart nie, maar groen.

So, sê die Here, werk sy woord ook. Sy woord kom ook uit die hemel. Dit is die lewende God Self wat met jou praat. En deur sy woord plant die Heilige Gees 'n nuwe lewe in jou dooie sondaarshart. Die woord is die saad waardeur Hy die lewe, wat Christus verwerf het, in jou plant (1 Petr. 1:23).

Soos reën verandering bring, so moet die Here se Woord ook verandering en vernuwing in jou denke en lewe bring. Want sy Woord is 'n krag wat jou anders laat dink en ook anders laat optree.

Jy kan dus nie net sy Woord hoor en lees en dan voortgaan met jou lewe asof jy niks gehoor het nie. Jy kan nie by 'n erediens uitstap soos jy daar ingestap het asof daar binne niks gebeur het nie. Deur sy woord roep Hy jou tot 'n lewens-ja of 'n lewens-nee. Want soos reën en sneeu tot stand bring waarvoor die Here dit gestuur het, so sal sy Woord ook nie onverrigter sake na Hom toe terugkeer nie.

Sing Psalm 33:1 en 5

Ds. C. Krüger (Nelspruit)